**Saterdag 10 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 71:9-20**
**Fokusgedeelte: Psalm 71:14**

## ’n Gelowige kan in alle omstandighede hoop hê

Die digter van Psalm 71 was oud en het hom, soos so baie van ons wat in beproewende, moeilike omstandighede vasgevang sit, eensaam, verstote en vergete gevoel. Hy het talle vyande gehad en hulle het onder die indruk verkeer dat die Here hom in die steek gelaat het en dat hy weerloos is, ’n maklike teiken vir iemand wat hom wil kwaad aandoen.

Hy het die Here egter al van kleins af geken en het talle herinneringe aan God gehad wat hom deur baie jare beskerm en selfs uit lewensgevaarlike situasies gered het.

Die Here is almagtig. Niks is vir Hom onmoontlik nie. Hy is ook getrou en het die digter nie ’n enkele keer in die verlede in die steek gelaat nie. Hy het ook geen rede gehad om te dink dat dit in die toekoms anders sal wees nie. Daarom het hy daarop klem gelê dat hy nie in sy ouderdom en in sy benouende omstandighede moed sal verloor nie, maar dat hy altyd op die Here sal vertrou, altyd hoop sal hê: “Ek, ek sal gedurigdeur bly hoop.”

Het jy hoop, hoop vir die toekoms, hoop in jou moeilike omstandighede? Die digter van Psalm 71 maak dit duidelik dat die kinders van God altyd hoop kan hê. In die lig van die Nuwe Testament kan ons sê Hy was só oor ons begaan dat Hy selfs sy eie Seun vir ons oorgelewer het.

Dit is ons ervaring, ons herinnering wat ons saam met die digter van hierdie Psalm jubelend laat sê: “Ek, ek sal gedurigdeur bly hoop.”

*Sing: Psalm 71:4, 5 (1936)*

*Ds. CJH (Casper) Breed (Secunda)*